
# SKAKEL

Gereformeerde kerk **Magol**



"En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie".
Kol. 3: 23

| | | |
|---|---|---|
| Eredienstye op Sondae: 10:00 | Kantoorure: Maandae, Dinsdae & Vrydae: 08:00-13:00 *(gesluit tydens skoolvakansie)* | |
| Kantoor no: 079 804 5542 | E-pos: admin@gerefkerkmagol.co.za | Webblad: www.gerefkerkmagol.co.za |

## *DATUM:* *11 Mei 2025*

## Kollektes

**Vandag**
**Swart sakkie:** Bybelverspreiding
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

**Volgende week**
**Swart sakkie:** Emeritaatsversorgings fonds
**Rooi sakkie:** Diens van Barmhartigheid

## Eredienste

**Vandag:** 10:00 & 18:00

**Volgende week:** 10:00 & 18:00

## Diensbeurte

**Vandag:** Ell. 03, Ell. 04 & Ell. 05

**Volgende week:** Ell. 06 & Goedgedacht

## Bybelstudie

**Maandag:** 19:00 by die kerk

*Die 1ste brief aan Timoteus*

## Huisbesoek

**Komende week:** Onverwacht 02

Dr. Christiaan se huisbesoek is vooruit op die jaarprogram geskeduleer. Maak asseblief 'n aantekening op jou dagboek wanneer dit jou wyk se beurt is.

## Katkisasie

**Vandag:** Les 9

**Volgende week:** Nagmaal

**Woensdag:** 14:30 H/S Kategese
***(let asseblief op dat tyd verander het)***

## Vergadering

**Vandag:** Ouderling

**Donderdag:** Projektekommissie

## Jeug

**Vandag:** Koffiekroeg - Vra wat Pla!

# DOPPERNAGFEES

# 30 MEI

## Skinkbeurte

**Vandag:**
**<u>Ellisras 03</u>**
Suzanne Franck, Susan Haasbroek, Irma Jooste, Elni Jooste, Maritza Lehmann, Tahlita jv Rensburg & Carmen Wolfaardt.
**<u>Ellisras 04</u>**
Nannie de Bruyn, Sarie Chambers, Marlien de Ridder, Marna Harmse, Hannetjie Hattingh, Jacomien Smit & Ansume van der Linde.
**<u>Ellisras 05</u>**
Lizann Botha, Elmarie Coetzee, Chantal Doshe, Cornet Eloff, Ane Lourens, Essie Venter & Charlene van Staden.
**Volgende week:**
**<u>Ellisras 06</u>**
Mariana du Plessis, Elize du Plessis, Petra Grobler, Caitlin Pelser, Landa Pelser, Chantal Roux, Gine Strydom, Theunsina van Rooyen & Carissa du Plessis.

**<u>Goedgedacht</u>**
Ronel Cronje, Emsie du Plessis, Lizbe du Toit, Laurika Elmes, Marietjie vd Walt, Tineke vd Walt & Martie Smit.

---

## Verjaarsdae... vir **komende week**

| | | |
|---|---|---|
| 11de | Bekker Pelser | Goedgedacht |
| 12de | Abraham Elmes | Goedgedacht |
| 14de | dpl Zandre jv Vuuren<br>dpl Stephan Venter | Ow. 17/19<br>Ow. 17/19 |
| 15de | Malize du Plessis | Ow. 18 |
| 17de | Edith Nel | Ow. 04 |

*Mag die seën van die Here op jou rus in jou nuwe lewensjaar sodat die meetsnoere vir jou op lieflike plekke val en jou erfenis mooi sal wees!*

---

### Doppernagfees

*30ste Mei om 17:30*

## Doppernagfees

Die Doppernagfees is om die draai en daar word al hard gewerk aan die voorbereidings. Om hierdie funksie suksesvol te maak kort daar natuurlik heelwat **skenkings**, **bydraes** en vele **hande**. So asseblief, indien u met enigeiets kan help kontak gerus die stalletjie se sameroeper of die kerkkantoor.



- **Aartappel spirale** (Hendrik & Lanie du Plessis)
  - 6liter Olie
- **Gebak Tafel** (Essie Venter)
  - Groot koeke
  - Kolwyntjies
  - Terte
  - Beskuit
  - Klein koekies
  - Koeksisters
  - Vleispasteitjies
  - Souttertjies
  - enige tuisgebak
  - HELPERS
- **Groentestal** (Elardus & Benita Aucamp + Elardus Aucamp jnr)
  - Vars groente
  - Vars vrugte
- **Handwerk** (Sherman Kuhl)
  - enige tipe handwerk
- **Kerrie & Rys/Vetkoek** (Hennie & Tinka Steyn)
  - Chutney
  - Klapper
  - Helpers Vrydagoggend om die maalvleis en rys gaar te maak, *groot asseblief*.
- **Koeldrank** (Jeug)
  - Koeldrank
  - 10 liter Roomys

* **Lekkergoed tafel** (Carla Erasmus & Eliztien van der Walt)
  - Lekkergoed
* **Pannekoek** (Johan Wolfaardt)
  - 30kg Koekmeel
  - 6liter Olie
  - 1 pak Sout
  - 3 x 500g Bakpoeier
  - 7 x 30dosyn Eiers
  - 2.5liter Asyn
  - 12.5kg Suiker
  - 750g Kaneel
  - HELPERS
* **Pap & Kaiings** (Bekker Pelser)
* **Poeding Tafel** (Riekie Elmes)
  - Koekmeel
  - Eiers
  - Jelliepoeier
  - Gebakte poedings
  - Koue poedings
* **Springkasteel** (Bernard Elmes)
* **Teetuin** (Elize Helberg & Petra Grobler)
* **Hoenderstrips & Tjips** (Hendrik & Gine Strydom)
  - Olie
* **Vleis Tafel** (Douw Pelser)
  - Vleis en vleis en vleis en nog vleis asseblief
  - HELPERS
* **Worsbroodjies** (Nicholaas & Nelia Smith + Kobus & Ilze-Mari van Eeden)

**Vleiswerk** by die kerk behoort teen die 14de te begin vanaf 17:00 in die middae, verdere inligting sal deurgegee word op die whatsapp groepe.

Die susters beplan ook om **koeksisters** en **vleispasteitjies** by die kerk te bak vir die Doppernagfees. As jy graag wil help, en sommer iets leêr, is jy welkom om die kerkkantoor te kontak. Die datums en tye sal in die komende week deurgegee word. Kom ons maak dit 'n span poging en bak hope koeksisters en vleispasteitjies terwyl ons lekker kuier.

Daar gaan ook weer van hierdie jaar af **kaartjies** gebruik word om te betaal by die Doppernagfees. Om dit makliker te maak gaan daar twee punte wees waar kaartjies gekoop kan word, een buite langs teetuin en een in die saal. Daar gaan wel nog kaartfasiliteite by die vleis tafel beskikbaar wees.

Hierdie jaar gaan die Doppernagfees ook 'n **nuwe uitleg** hê, ons is almal baie opgewonde daaroor en kannie wag om te sien hoe dit gaan realiseer nie!

Is daar enigeiemand wat sou belangstel om die aand vir ons **foto's** te neem van die fees? Kontak kerkkantoor as jy kans sien.

Benodig **helpende hande** Vrydagoggend met die opslaan van stalletjies en regsit van tafels en stoele, ALMAL welkom om te kom help!



# Doppernagfees

# 30 Mei

# 17:30



# Jeug Aksie

23 Mei

15:00

By die kerk





# Koffiekroeg

Vra wat Pla!

Vanaand na die erediens.



# Preekvoorligting Sondag 11 Mei 2025

## Oggend erediens

**Sing:** Ps. 34:1,2; Ps. 34:6; Ps. 81:4,5; Ps. 32:1,4; Ps. 32:5,6.

**Lees:** Rom. 6:1-14

**Teks:** Rom. 6:11

**Tema: Christus het ons geheilig sodat die sonde nie oor ons sal heers nie, maar ons daarteen stry.**

### *Ons sterf saam met Christus*

In ons selfondersoek en voorbereiding om na die tafel van die Here te kom moet ons in die eerste plek bewus wees van ons sonde. In die brief aan die Romeine beklemtoon Paulus aan die gemeente dat hulle van hulle sonde verlos is deur die dood van Christus. Hy het die prys vir ons oortredinge aan die kruis gedra en so die prys van die dood betaal. Nou is ons geheilig om weer in gemeenskap met God te leef. Om dit te doen moet ons ook saam met Christus in ons ou sondige natuur sterf.

### *Ons leef vir God in Christus*

Christus het egter nie net die dood gesterf om die prys van ons sonde te betaal nie, maar Hy het ook die dood oorwin deur sy opstanding. Die wonder hiervan is dat wanneer ons saam met Christus gesterf het deel ons ook in sy opstanding en sal ons nou saam met Hom lewe. Ons lewe deur Christus wys nie net op die ewige lewe wat ons by die wederkoms sal beërwe nie, maar breek al hier vir ons deur. Nou kan ons in 'n nuwe lewe voor Hom wandel.

### *Ons heers met Christus*

Ons wandel in 'n nuwe lewe met Hom het baie belangrike implikasie vir ons daaglikse bestaan. Ons nuwe lewe behels dat ons met Christus oor die oorblywende sonde in ons sal heers. Wanneer ons oor die sonde heers beteken dit dat die kind van die Here nie toegee aan sy liggaamlike begeerlikhede nie. In ons selfondersoek voordat ons na die tafel van die Here kom, word ons deur Christus gedring om waarlik oor ons sonde te heers.

# Preekvoorligting Sondag 11 Mei 2025

## Aand erediens

**Sing:** Ps. 65:1,3; Ps. 36:2,3; Ps. 145:1,5,6,7.

**Lees:** Psalm 139; Son. 10

**Teks:** Son. 10

**Tema: Ons is getroos en verseker van ons Vader se almag en soewereiniteit in sy voorsienigheid.**

### *Die wese van die voorsienigheid.*

In Sondag 9 bely ons wonderlike dinge oor die wese van God ons Vader. Hy is ter wille van Christus my Vader en Skepper. In Sondag 10 word daar nog meer oor die werk van ons Vader en skepper bely. Hy voorsien aan sy kinders in alle dinge wat hulle nodig het. die voorsienigheid van God is die almagtige en oral teenwoordige krag van God waarmee hy alles as of met sy eie hand onderhou en regeer. Dit is die bemoeienis wat ons Vader aan die een kant met elkeen van sy kinders, maar ook met sy skepping in die geheel maak. Omdat hy alles in sy hand hou en oor alles in sy skepping regeer gebeur niks per toeval nie. Hy rig en stuur alles sodat sy koningskap eindelik sigbaar word.

### *Die werking van die voorsienigheid.*

Hierdie feit bring by baie mense ernstige vrae na vore want te midde van sy regering waarin hy die goeie vir sy kinders soek is daar tog hartseer en teëspoed wat gebeur. In die midde van die teëspoed erken en bely ons dat dit ons ook uit die hand van die Vader toekom omdat Hy oor ons regeer. In die Skrif is dit duidelik dat Hy Abraham op stoflike gebied besonder seën, maar dat Hy ook vir Job kan beproef en alles van Hom wegneem. Vir die menslike verstand is dit moeilik om te deurgrond en te verstaan maar hy sal eindelik die slegte dinge so rig dat dit vir sy kinders te goede meewerk.

### *Die troos van die voorsienigheid*

Hierdie wete bring vir die gelowige kind van die Here geweldige troos. Eindelik kan ons seker wees dat ons lewe en ons lot in die hand van die Here veilig is. Getroos kan ek in die midde van teëspoed geduldig wees omdat ons weet dat die Here vir ons alles te goede laat meewerk. In die midde van groot voorspoed rig die belydenis van ons voorsienigheid tot groot dankbaarheid omdat Hy die goeie aan ons gegee het.